UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS UV

**25 October 2016**

# Questions and answers

***Strategy to complete the UFS 2016 academic year***

1. **Is the university shutting down for the remainder of 2016?**

No, the university will not be shutting down for the remainder of 2016. Staff are currently busy to put crucial and complex arrangements in place to readjust the academic calendar and ensure that all students can complete their studies.

2. **Will students resume their classes after 1 November 2016?**

Yes, the university will re-start teaching and learning at undergraduate and honours level in the first week of November 2016.

However, teaching and learning will **not take place in the classrooms** during November 2016, but through a different mode of delivery that consists of a combination of printed and recorded lectures, study materials, and learning aids that will be provided by the university and delivered through Blackboard.

In this manner no attempts at disrupting the rest of the academic year will affect our students' academic programme.

3. **Where can students gain access to important information from their faculties or to South Campus programmes in order to get their studies back on track?**

Important faculty- and South Campus programme-related information will be published on Faculty Blackboard arrangements pages, webpages and Facebook pages, as well as on the South Campus Access and Extended degree Blackboard page:

- Economic and Management Sciences
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webpage: http://www.ufs.ac.za/econ
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.EMS/?fref=ts
- Education
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webpage: http://www.ufs.ac.za/edu
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.FacultyEd/?fref=ts
- Health Sciences
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webpage: http://www.ufs.ac.za/health
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFShealthsciences/?fref=ts
- Law
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webpage: http://www.ufs.ac.za/law/
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFSlaw/?fref=ts
- Natural and Agricultural Sciences
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webpage: http://www.ufs.ac.za/natagri/
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.NatAgri/?fref=ts
- The Humanities
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webpage: http://www.ufs.ac.za/humanities

        - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.FacultyHumanities/?fref=ts
    - Theology
        - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
        - Webpage: http://www.ufs.ac.za/theology
        - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.theology/?fref=ts
    - South Campus Access and Extended degree students
        - Blackboard information page: https://learn.ufs.ac.za/
        - Office contact number: 051 505 1201/1362
        - Fax to email number: 086 610 5776

**4. How will this alternative method of teaching and learning affect the quality of education?**

Standards and quality will be the same as if students were attending classes.

The qualifications conferred on the 2016 class will be of the same quality and standards as all UFS qualifications.

**5. How will this different method of teaching and learning make provision for students who need to complete lab work as part of their curriculum?**

Some faculties require practical laboratory work as part of their curriculum. The exam timetable has been adapted for these students in order to complete their practical work when the academic activities commences in November 2016. The relevant faculties will communicate the schedule of practical work directly to the students.

**6. When will the Main Examination take place?**

24 November 2016–14 December 2016. Please note that the timetables will be published on Friday 28 October 2016 on: *http://www.ufs.ac.za/adhoc-pages/quick-links/official-timetables*

Students can thereafter obtain personal examination timetables on Student Self-service: http://www.ufs.ac.za/kovsielife/student-self-service

**7. When will Additional Examinations take place?**

4 January 2017–16 January 2017. Please note that the timetables will be published on Friday 4 November 2016 on: *http://www.ufs.ac.za/adhoc-pages/quick-links/official-timetables*

Students can thereafter obtain personal examination timetables on Student Self-service: http://www.ufs.ac.za/kovsielife/student-self-service

**8. Are there any other resources available to students to assist them with their preparations for exams?**

Yes, the Academic Reboot Pack. Please find your copy on the UFS website at http://www.ufs.ac.za/template/news-archive-item?news=7926

**9. Will all students need to come back to campus to write their exams?**

Some students will be writing exams on campus. However, some students will write their exams online. Students need to contact their respective department/faculty or the South Campus administrative office to find out where/how they will write exams.

**10. Can students who are staying in residences return after 28 October 2016?**

Students in residence accommodation can return to campus as from 29 October 2016 and it is recommended that students who do not have off-campus internet access return to campus in order to access study material to complete the academic year.

11. **Does the university have safety and security measurements in place on the three campuses during exams?**

Yes. The necessary safety and security arrangements have been made to ensure that the examination will continue without disruption.

12. **Will final-year students complete their studies during 2016?**

Yes. The graduation ceremonies, which were originally to be held in April 2017, have been postponed to June/July 2017 (Specific dates will be confirmed once arrangements have been finalised).

13. **What measures has the university in place to see that students with bursaries, or committed employment in law firms/other businesses, are not impacted negatively by the late graduations.**

The university will provide the necessary academic transcripts as proof of the completion of the relevant qualifications.

14. **How will the academic changes impact postgraduate students?**

None of these changes will affect postgraduate students.

***NOTE: The strategy to readjust the 2016 academic year is applicable to students on the Bloemfontein and South Campuses.***

25 Oktober 2016

## Vrae en antwoorde

***Strategie om die UV se 2016 akademiese jaar te voltooi***

### 1. Is die universiteit vir die res van 2016 gesluit?

Nee, die universiteit sal nie vir die res van 2016 sluit nie. Personeel is tans besig om belangrike en komplekse reëlings te tref om die akademiese kalender aan te pas en te verseker dat alle studente hulle studies kan voltooi.

### 2. Sal studente hulle klasse na 1 November 2016 hervat?

Ja, die universiteit sal in die eerste week van November 2016 weer met onderrig en leer op voorgraadse en honneursvlak begin.

Onderrig en leer sal gedurende November 2016 egter **nie in die klaskamers plaasvind nie**, maar deur middel van 'n ander metode van lewering wat bestaan uit 'n kombinasie van gedrukte en opgeneemde lesings, studiemateriaal en leerhulpmiddels wat deur die universiteit verskaf en met behulp van Blackboard gelewer sal word.

Op hierdie manier sal geen pogings om die res van die akademiese jaar te ontwrig, ons studente se akademiese program raak nie.

### 3. Waar kan studente toegang kry tot belangrike inligting van hulle fakulteite of oor Suid-kampus-programme om hulle studies weer op dreef te kry?

Belangrike fakulteits- en Suid-kampus-programverwante inligting sal op fakulteite se Blackboard-reëlingsblaaie, webwerwe en Facebook-blaaie, asook op die Suid-kampus se Toegang en Verlengde graad Facebook-blad gepubliseer word:

- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webblad: http://www.ufs.ac.za/econ
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.EMS/?fref=ts
- Opvoedkunde
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webblad: http://www.ufs.ac.za/edu
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.FacultyEd/?fref=ts
- Gesondheidswetenskappe
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webblad: http://www.ufs.ac.za/health
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFShealthsciences/?fref=ts
- Regsgeleerdheid
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webblad: http://www.ufs.ac.za/law/
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFSlaw/?fref=ts
- Natuur- en Landbouwetenskappe
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webblad: http://www.ufs.ac.za/natagri/
  - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.NatAgri/?fref=ts
- Geesteswetenskappe
  - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
  - Webblad: http://www.ufs.ac.za/humanities

        - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.FacultyHumanities/?fref=ts
    - Teologie
        - Blackboard: https://learn.ufs.ac.za/
        - Webblad: http://www.ufs.ac.za/theology
        - Facebook: https://www.facebook.com/UFS.theology/?fref=ts
    - Suid-kampus Toegang- en Verlengdegraad-studente
        - Blackboard-inligtingsblad: https://learn.ufs.ac.za/
        - Kantoor-kontaknommer: 051 505 1201/1362
        - Faks tot e-posnommer: 086 610 5776

**4. Hoe sal hierdie alternatiewe metode van onderrig en leer die gehalte van onderrig beïnvloed?**

Standaarde en gehalte sal dieselfde wees as wanneer studente klasse bywoon.

Die kwalifikasies wat aan die 2016-klas toegeken word, sal van dieselfde gehalte en standaard wees as alle UV-kwalifikasies.

**5. Hoe sal hierdie ander metode van onderrig en leer voorsiening maak vir studente wat laboratoriumwerk moet voltooi as deel van hulle kurrikulum?**

Sommige fakulteite vereis praktiese laboratoriumwerk as deel van hulle kurrikulum. Die eksamenrooster is aangepas vir hierdie studente sodat hulle hulle praktiese werk kan voltooi wanneer akademiese aktiwiteite in November 2016 hervat. Die betrokke fakulteite sal die skedule vir praktiese werk regstreeks aan die studente kommunikeer.

**6. Wanneer sal die Hoofeksamen plaasvind?**

24 November 2016–14 Desember 2016. Slaan asseblief ag daarop dat die roosters op Vrydag 28 Oktober 2016 op: *http://www.ufs.ac.za/adhoc-pages/quick-links/official-timetables* gepubliseer sal word.

Studente kan daarna persoonlike eksamenroosters by Studente-selfdiens kry: http://www.ufs.ac.za/kovsielife/student-self-service

**7. Wanneer sal die Bykomende Eksamen plaasvind?**

4 Januarie 2017–16 Januarie 2017. Slaan asseblief ag daarop dat die roosters op Vrydag 4 November 2016 op: *http://www.ufs.ac.za/adhoc-pages/quick-links/official-timetables* gepubliseer sal word.

Studente kan daarna persoonlike eksamenroosters by Studente-selfdiens kry: http://www.ufs.ac.za/kovsielife/student-self-service

**8. Is daar enige ander hulpbronne vir studente beskikbaar om hulle met hulle voorbereiding vir die eksamen te help?**

Ja, die Akademiese Herlaaipakket. Kry gerus jou kopie op die UV-webwerf by http://www.ufs.ac.za/template/news-archive-item?news=7926

**9. Sal alle studente na die kampus moet terugkeer om hulle eksamens te skryf?**

Daar sal sommige studente wees wat op die kampus eksamen skryf. Sommige studente sal egter hulle eksamen aanlyn skryf. Studente moet hulle onderskeie departemente/fakulteite of die Suid-kampus se administratiewe kantoor kontak om uit te vind waar/hoe hulle eksamen sal skryf.

**10. Kan studente wat in koshuise bly ná 28 Oktober 2016 terugkeer?**

Studente met koshuisverblyf kan vanaf 29 Oktober 2016 na die kampus terugkeer en daar word aanbeveel dat studente wat nie afkampus-internettoegang het nie, na die kampus terugkeer ten einde toegang tot studiemateriaal te kry om die akademiese jaar te voltooi.

**11. Het die universiteit veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls op die drie kampusse in gereedheid gestel gedurende die eksamens?**

Ja. Die nodige veiligheids- en sekuriteitsreëlings is getref om te verseker dat die eksamen sonder ontwrigting voortgaan.

**12. Sal finalejaarstudente hulle studies gedurende 2016 voltooi?**

Ja. Die gradeplegtighede wat oorspronklik in April 2017 gehou sou word, is tot Junie/Julie 2017 uitgestel (Spesifieke datums sal bevestig word sodra die reëlings afgehandel is).

**13. Watter maatreëls het die universiteit getref om toe te sien dat studente met beurse, of met 'n verbintenis tot indiensneming by regsfirmas/ander ondernemings, nie negatief deur die laat graduering beïnvloed word nie.**

Die universiteit sal die nodige akademiese transkripsies as bewys van voltooiing van die betrokke kwalifikasies verskaf.

**14. Hoe sal die akademiese veranderinge nagraadse studente raak?**

Nie een van hierdie veranderinge sal nagraadse studente raak nie.

***LET WEL: Die strategie om die 2016 akademiese jaar aan te pas, is van toepassing op studente van die Bloemfontein- en Suid-kampus.***